



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**DANSSTUDIES**

**2018**

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met TIEN vrae in totaal. Beantwoord slegs SEWE vrae soos volg:

**AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (40 punte)**

- Beantwoord DRIE van die vier vrae in hierdie afdeling.
- Jy het 'n keuse tussen VRAAG 2 en VRAAG 3. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

**AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETTERDHEID (60 punte)**

- Beantwoord VIER van die ses vrae in hierdie afdeling.
- Jy het 'n keuse tussen VRAAG 7, VRAAG 8 en VRAAG 9. Indien jy al drie vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Lees elke vraag aandagtig deur en let op na wat vereis word.
4. **LET WEL:** Indien jy gevra word om *te verduidelik/breedvoerig te skryf/te beskryf/te ontleed/te evalueer/te vergelyk*, skryf jou antwoord in volsinne en gee soveel inligting as moontlik. Eenwoordantwoorde sal NIE aanvaar word NIE.
5. Jy kan rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.
6. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:
  - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
  - Die spesifieke formaat te gebruik wat in sekere vrae vereis word
  - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig
7. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG**

**VRAAG 1: FIKSHEIDSKOMPONENTE (VERPLIGTEND)**

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die fiksheidskomponent in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Krag	A	jou liggaam sal vrylik beweeg sonder beperkings
1.1.2	Soepelheid	B	noodsaaklik vir koördinasie, beheer en optrede/dansvaardighede
1.1.3	Neuromuskulêre vaardighede	C	die vermoë van 'n spier om maksimum krag te produseer

(3 x 1) (3)

- 1.2 Wat is die verskil tussen *kardiovaskulêre uithouvermoë* en *spieruithouvermoë*? (2)
  - 1.3 Verduidelik DRIE voordele van uithouvermoë in die dansklas. (3)
  - 1.4 Hoe kan 'n danser kernstabiliteit ontwikkel? (3)
  - 1.5 Hoe kan kernstabiliteit 'n danser se optreevermoë in die dansklas bevorder? (4)
- [15]**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 2 en VRAAG 3.  
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 2: GEESTESGESONDHEID**

- 2.1 Noem DRIE herkenbare simptome van stres/spanning. (3)
  - 2.2 Gee jou klasmaats raad oor hoe om deur die hele jaar vir die finale praktiese danseksamen voor te berei. (4)
  - 2.3 Stel DRIE ontspanningstegnieke voor wat 'n danser kan help om stres te hanteer. Verduidelik jou voorstelle. (3)
- [10]**

**OF**

**VRAAG 3: SPIERE EN ANATOMIESE AKSIES**

Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

- 3.1 Noem enige DRIE spiere in die anterior gedeelte van die romp. (3)



[Bron: [www.pinterest.com](http://www.pinterest.com)]

- 3.2.1 Gee TWEE anatomiese aksies van die deltoïed-spiere. (2)
- 3.2.2 Noem die spiergroep wat vir die anatomiese aksie van die danser se kniegewrigte verantwoordelik is. (1)
- 3.2.3 Noem TWEE spiere wat vir die anatomiese aksie van die danser se enkelgewrigte verantwoordelik is. (2)
- 3.2.4 Noem EEN anatomiese aksie van die danser se heupe. (1)
- 3.2.5 Noem die spier wat vir die stabilisering van die danser se bekken en lumbale werwelkolom verantwoordelik is. (1)
- [10]**

**VRAAG 4: VOORKOMING EN BEHANDELING VAN BESERINGS (VERPLIGTEND)**

- 4.1 Kies enige TWEE letters in die woord 'RYKE' en beskryf die betekenis van elke letter. (2)
- 4.2 Verduidelik DRIE tipes oefeninge wat 'n danser na 'n besering kan doen om beweeglikheid van die spiere en gewrigte te handhaaf. (3)
- 4.3 Noem DRIE veilige danspraktyke wat 'n danser kan toepas om 'n besering in die dansklas te voorkom. Verduidelik ELKE praktyk volledig. (6)
- 4.4 Bespreek VIER behandelings-/rehabilitasiepraktyke vir 'n beseerde danser en gee die voordele van hierdie behandelings. (4)

**[15]****TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN -GELETERDHEID****VRAAG 5: DANSKOMPOSISIE (VERPLIGTEND)**

5.1 Verduidelik die choreografiese strukture hieronder:

5.1.1 Motief (1)

5.1.2 Sekwensie (1)

5.1.3 Kanon (1)

5.1.4 Stilheid (1)

5.1.5 Klimaks (1)

5.2 'n Voorbeeld van kontakwerk deur gewigsverskuiwing of om jou maat op te lig word in die foto hieronder getoon. Evalueer die belangrike faktore om in ag te neem wanneer jy saam met 'n maat werk.



[Bron: [www.google.co.za/search?q=Dancer%60s+picture](http://www.google.co.za/search?q=Dancer%60s+picture)]

(5)  
[10]

**VRAAG 6: DANSVORME EN MULTIDISSCIPLINÊRE KUNSVORME (VERPLIGTEND)**

- 6.1 Analiseer die voordele van die meng van verskillende dansvorme/genres/style wanneer jy danswerke choreografeer. (6)
- 6.2 Bespreek en brei uit oor jou begrip van multidissiplinêre dansvorme. (4)
- [10]**


**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 7, VRAAG 8 en VRAAG 9.  
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

**VRAAG 7: MARTHA GRAHAM EN LAMENTATION**

[Bron: <https://kddance.wordpress.com>]

- 7.1 Beskryf Martha Graham se agtergrond, opleiding en loopbaan. (9)
- 7.2 Verduidelik hoe Martha Graham se *Lamentation* innoverend vir daardie tydperk was.
- Verwys na die volgende:
- 7.2.1 Die bewegingswoordeskat en simboliek (8)
- 7.2.2 Die produksie-elemente (4)
- 7.3 Evalueer hoe die musiek die tema van *Lamentation* verryk het. (5)
- 7.4 Daar word dikwels na Martha Graham as 'die moeder van kontemporêre dans' verwys.
- Dink jy dat Martha Graham se choreografie en danstegniek 'n impak op dans en die samelewing gemaak het? Staaf/bewys jou antwoord. (4)

**[30]****OF**

**VRAAG 8: VINCENT MANTSOE EN GULA MATARI**

[Bron: [www.thebusinessofmusicanddance.com](http://www.thebusinessofmusicanddance.com)]

- 8.1 Beskryf Vincent Mantsoe se agtergrond, opleiding en loopbaan. (9)
- 8.2 *Gula Matari* handel oor 'n baie spesifieke tema. Verduidelik hoe hierdie tema deur die volgende uitgebeeld is:
- 8.2.1 Die bewegingswoordeskat en simboliek (8)
- 8.2.2 Die produksie-elemente (4)
- 8.3 Evalueer hoe die musiek hierdie danswerk verryk het. (5)
- 8.4 Vincent Mantsoe het uit sy eie erfenis geput en dit as inspirasie vir sy eie choreografie gebruik.
- Dink jy dat Mantsoe se gebruik van sy eie erfenis 'n invloed op Suid-Afrikaanse dansers en choreograwe gehad het? Staaf/bewys jou antwoord. (4)
- [30]**

**OF**



**VRAAG 9: CHOREOGRAAF EN DANSWERK**

Kies EEN van die choreografe en EEN van sy/haar danswerke uit die voorgeskrewe lys hieronder.

<b>SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE</b>	<b>DANSWERKE</b>
Alfred Hinkel	<i>Bolero/The Last Dance/Cargo/ Rain in a Dead Man's Footprints</i>
Carolyn Holden	<i>Imagenes</i>
Dada Masilo	<i>Swan Lake/Romeo and Juliet</i>
Gary Gordon	<i>Bessie's Head</i>
Gregory Maqoma	<i>Four Seasons/Beauty Trilogy/Skeleton Dry/ Somehow Delightful</i>
Mavis Becker	<i>Flamenco de Africa</i>
Veronica Paeper	<i>Orpheus in the Underworld/Carmen</i>
Hazel Acosta	<i>Blood Wedding</i>
<b>INTERNASIONALE CHOREOGRAWE</b>	<b>DANSWERKE</b>
Alvin Ailey	<i>Revelations</i>
Christopher Bruce	<i>Ghost Dances/Rooster</i>
George Balanchine	<i>Apollo/Jewels</i>
Jiří Kylián	<i>Wings of Wax/Stamping Ground</i>
Matthew Bourne	<i>Swan Lake/Cinderella</i>
Mats Ek	<i>Giselle/Swan Lake/Carmen</i>
Pina Bausch	<i>The Rite of Spring</i>
Rudi van Dantzig	<i>Four Last Songs</i>
William Forsythe	<i>In the Middle, Somewhat Elevated</i>

- 9.1 Gee die naam van die choreograaf en die titel van die danswerk wat jy gekies het.
  - 9.2 Beskryf die choreograaf se agtergrond, opleiding en loopbaan. (9)
  - 9.3 Verduidelik hoe die choreograaf die tema/intensie van hierdie werk deur die gebruik van die volgende uitgebeeld het:
    - 9.3.1 Die bewegingswoordeskat en simboliek (8)
    - 9.3.2 Die produksie-elemente (4)
  - 9.4 Evalueer hoe die musiek/begeleiding die danswerk verryk het. (5)
  - 9.5 Dink jy dat hierdie choreograaf 'n impak op die danswêreld gemaak het? Staaf/bewys jou antwoord. (4)
- [30]**

**VRAAG 10: SIMBOLIEK IN DANS (VERPLIGTEND)**

**LET WEL:** Moenie oor dieselfde choreograaf en danswerk skryf wat jy vir VRAAG 7, VRAAG 8 of VRAAG 9 gekies het nie.

Kies EEN van die danswerke uit die voorgeskrewe lys hieronder.

<b>SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE</b>	<b>DANSWERKE</b>
Alfred Hinkel	<i>Bolero/The Last Dance/Cargo/ Rain in a Dead Man's Footprints</i>
Carolyn Holden	<i>Imagenes</i>
Dada Masilo	<i>Swan Lake/Romeo and Juliet</i>
Gary Gordon	<i>Bessie's Head</i>
Gregory Maqoma	<i>Four Seasons/Beauty Trilogy/Skeleton Dry/ Somehow Delightful</i>
Mavis Becker	<i>Flamenco de Africa</i>
Veronica Paeper	<i>Orpheus in the Underworld/Carmen</i>
Vincent Mantsoe	<i>Gula Matari</i>
Hazel Acosta	<i>Blood Wedding</i>
<b>INTERNASIONALE CHOREOGRAWE</b>	<b>DANSWERKE</b>
Alvin Ailey	<i>Revelations</i>
Christopher Bruce	<i>Ghost Dances/Rooster</i>
Jiří Kylián	<i>Wings of Wax</i>
Matthew Bourne	<i>Swan Lake/Cinderella</i>
Mats Ek	<i>Giselle/Swan Lake/Carmen</i>
Pina Bausch	<i>The Rite of Spring</i>
Rudi van Dantzig	<i>Four Last Songs</i>
Martha Graham	<i>Errand into the Maze/Lamentation</i>
William Forsythe	<i>In the Middle, Somewhat Elevated</i>

- 10.1 Gee die naam van die choreograaf en die titel van die danswerk wat jy gekies het.
- 10.2 Beskryf die oorsig/intensie/tema/idee van die danswerk. (4)
- 10.3 Evalueer hoe die choreograaf simboliek in sy/haar danswerk gebruik het. (6)
- [10]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**  
**GROOTTOTAAL: 100**